
www.aiche.org/ccps
Process Safety Beacon
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
Boodskap aan bedryfspersoneel
This issue sponsored by ioMosaic
Minimizing risk. Maximizing potential.®
www.iomosaic.com

# Identifiseerbare vlieënde voorwerpe

Desember 2019

Onbemande vliende voertuie of sisteme, ook genoem drones, is deesdae oral beskikbaar om verskeie redes. Behalwe vir ontspanning word drones wettiglik gebruik vir inspeksie van toerusting, landbou, omgewingsstudies, monitering, opmetings, aflewerings, ens.
'n Bekommernis is dat drones kan bots met fabrieke en toerusting en skade kan veroorsaak, selfs brande en ontploffings. Daar was onlangs so 'n insident met 'n militêre drone in die proses industrie.

Tydens feestye kan vuurwerke en vuurpyle val waar vlambare en brandbare materiaal gestoor word, en kan dit 'n ontstekingsbron wees wat 'n brand kan begin.
Vuur ballonne (sky lanterns) word gereeld gebruik as alternatief vir vuurwerke. Hulle kan ook ontstekingsbronne wees en kan soms baie lang afstande aflê. Daar was ook 'n insident waar 'n warmlug ballon deur die wind na 'n stad gedryf is en 'n noodlanding in 'n chemiese aanleg gemaak het. Sien die foto onder en die Beacon van April 2007: Mr. Potato Head is down.









## Het jy geweet?

- Tydens die warm lug ballon insident, het goeie noodplan opleiding en gereelde oefening van die noodplan, die aanleg in staat gestel om die ballon insident suksesvol te hanteer, selfs al was dit nie voorsien dat so iets kan gebeur nie.
- Behalwe vir moontlike meganiese skade en brandgevaar, kan vlieënde voorwerpe bots met oorhoofse kragdrade, kortsluitings veroorsaak, en moontlik nog verdere skade veroorsaak. Sulke insidente word gereeld gerapporteer vir populêre helium gevulde ballonne wat van PET plastiek gemaak word met metaal verf of foelie deklaag.

## Wat kan jy doen?

- As jy inspeksie roetes doen, hoe die lug dop vlieënde voorwerpe.
- Rapporteer enigiets wat lyk of dit oor die fabriek gaan vlieg, behalwe voëls natuurlik.
- Wees spesiaal wakker as dit vuurwerk seisoen is, of vuurballonne of warm lug ballonne.
- As daar 'n chemiese aanleg, brandstof depot of iets soortgelyk naby jou huis is, waarsku jou bure oor die gevare daarvan as hulle feestelikhede beplan met vuurwerke of soortgelyk.
- As jou aanleg drones gebruik, moet werkspermitte geld soos met enige ander nie-roetine werk.

***"Goeie en perfekte gawes kom van bo" – maar sekere gevare kom ook deur die lug!***

©AIChE 2019. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Catalan, Chinese, Czech, Danish, Dutch, English, Filipino, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Hungarian, Indonesian, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Mongolian, Persian (Farsi), Polish, Portuguese, Romanian, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Thai, Turkish, Urdu, and Vietnamese.**